



VERSLAGWAARDIG	JA/NEE
SIRKULEER ONDER REGTERS	JA/NEE
SIRKULEER ONDER LANDDROSTE	JA/NEE

IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA (NOORD-KAAP HOË HOF, KIMBERLEY)

DATUM AANGEHOOR: 22-06-2016
DATUM VAN UITSPRAAK: 28-10-2016

In die saak tussen:

2616/2015

JOHANNES JACOBUS HARMSE VISSER

Applikant

VS

**ENGELSMAN MAGABANE INGELYF
GERT PETRUS VISSER**

**1ste Respondent
2de Respondent**

CORAM: WILLIAMS R:

<i>UITSpraak</i>

WILLIAMS R:

1. Die applikant, mnr JJH Visser (Visser junior) doen aansoek (die hoofaansoek) om 'n bevel ingevolge waarvan die eerste respondent, die prokureursfirma Engelsman Magabane Ingelyf (Engelsman Magabane) die bedrag van R1.5 miljoen wat deur

Engelsman Magabane op trust gehou word aan hom uitbetaal word gepaardgaande met rente en 'n bestraffende kostebevel. Geen regshulp word aangevra teen die tweede respondent, mnr GP Visser (Visser senior) nie, behalwe 'n kostebevel indien hy die aansoek opponeer.

2. Beide Engelsman Magabane en Visser senior opponeer die hoofaansoek en op sy beurt het Visser senior 'n teenaansoek geliasseer waarin hy vra vir 'n bevel dat Engelsman Magabane die bedrag van R1.5 miljoen aan hom uitbetaal en dat gelas word dat Visser junior 'n bedrag van R515, 789. 47 aan hom betaal wat hy gevorder het, of geregtig is om te vorder, as Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) vanaf die Ontvanger van Inkomste. Slegs Visser junior opponeer die teenaansoek
3. Hier dien ook voor my 'n aansoek om kondonاسie vanaf Visser senior vir die laat liassering van sy opponerende eedsverklaring in die hoofaansoek sowel as vir die laat liassering van sy teenaansoek en sy repliserende eedsverklaring in die teenaansoek. Dit moet ook net gemeld word dat die teenaansoek in die opponerende eedsverklaring vervat is.
4. Die opponerende eedsverklaring/teenaansoek is agt dae buite tyd geliasseer en die repliserende eedsverklaring in die teenaansoek ongeveer drie maande laat. In beide gevalle het Visser senior vooraf geweet dat sy eedsverklarings nie betyds geliasseer sou kon word nie en het sy prokureurs uitstel versoek vanaf Visser junior se prokureurs. In beide gevalle is

uitstel geweier en is daar op 'n formele aansoek om kondonاسie aangedring.

5. In die kondonاسiestukke verduidelik Visser senior dat sy opponerende stukke in die hoofaansoek laat was aangesien hy eers op 14 Januarie 2016 met 'n advokaat kon konsulteer en dat dit toe geblyk het dat daar ontbrekende inligting is wat hy eers moes verkry voordat die eedsverklaring gefinaliseer kon word. Die opponerende eedsverklaring moes geliasseer word op 29 Januarie 2016. Die ontbrekende inligting is bekom en op 5 Februarie 2016 het Visser senior sy eedsverklaring onderteken. 'n Stawende eedsverklaring vanaf 'n mnr Johann Engels kon eers op 10 Februarie 2016 bekom word waarna die opponerende stukke en teenaansoek op dieselfde datum op die teenkant beteken is.

6. Ten opsigte van die repliserende eedsverklaring in die teenaansoek is die versuim om betyds te lewer verduidelik aan die hand van die swak gesondheid van Visser senior, wat 75 jaar oud is. Hy is van 29 Februarie 2016 tot 2 Maart 2016 gehospitaliseer en is verskeie toetse op hom gedoen waarna vasgestel is dat sy hartklep verkalk is. 'n Hartklepvervangingsoperasie is op hom uitgevoer op 20 April 2016 waarna Visser senior dan ook 'n ligte beroerte gehad het. Hy voer aan dat hy vanaf Maart tot middel Mei 2016 nie in staat was om konsultasies met sy regsverteenwoordigers by te woon om die repliserende stukke voor te berei nie – en dat hy selfs met ondertekening van die eedsverklaring gedateer 6 Junie

2016, nog glad nie gesond was nie en slegs twee of drie woorde op 'n slag kon uiter.

7. Visser junior opponeer die aansoek om kondonاسie slegs omrede Visser senior nêrens in sy kondonاسieaansoek die aard of grondslag van sy verweer openbaar het nie, en dus nie voldoen het aan die vereistes van Hofreël 27 nie.
8. Hofreël 27 wat handel met verlenging van tyd, opheffing van belet en kondonاسie bepaal onder subreëls 27(1) en 27(3) dat goeie redes of "*good cause*" aangevoer moet word. Die twee hoof vereistes vir die gunstige uitoefening van die Hof se diskresie in die verband is dat die applikant in 'n kondonاسie-aansoek 'n redelike verduideliking gee vir die versuim en dat hy moet aantoon dat hy 'n *bona fide* verweer het.
9. In beginsel sou Visser senior se aansoek om kondonاسie seker moes faal aangesien hy geen melding maak van 'n *bona fide* verweer in sy aansoekstukke nie. Die Hof het egter 'n wye diskresie in die verband. Daar kan geen twyfel wees dat besonder goeie redes aangevoer is vir die versuim nie en dat daar ook geen benadeling is vir Visser junior nie. Dit is na my mening ook in almal se belang dat die onhoudbare situاسie tussen vader en seun aan weerskante en die prokureurs in die middel, tot finaliteit gebring word. Daarom word kondonاسie vir die laat liassering van Visser senior se stukke toegestaan. Dit gesê kan Visser junior nie verkwalik word vir die opponering van die kondonاسie aansoek nie, wat op redelike gronde

gedoen is en is hierdie 'n geval waar die suksesvolle party die koste van die aansoek sal moet betaal.

10. Die agtergrond tot die geskil tussen vader en seun kan as volg geskets word:

- 10.1 Visser senior het vroeër jare 'n langtermyn huurooreenkoms aangegaan met sy oom mnr TC Visser vir die eiendomme Liebenbergspan en Lilly's Dam (die eiendomme) geleë in die distrik van Fauresmith. Visser senior het ook 'n voorkeepsreg gehad ten opsigte van hierdie eiendomme. Na TC Visser se afsterwe het Visser senior sy voorkeepsreg uitgeoefen. Oordrag van die eiendomme in sy naam het egter gesloer aangesien daar 'n dispuut ontstaan het tussen die familie/erfgename van TC Visser en Visser senior oor die waarde van die eiendomme.

- 10.2 Terwyl die dispuut tussen Visser senior en die familie van TC Visser nog hangend was het die Vissers (senior en junior) mondeling ooreengekom dat wanneer Visser senior oordrag neem van die eiendomme, Visser junior daarna die eiendomme sou aankoop vanaf Visser senior vir 'n koopprys van R4.2 miljoen.

- 10.3 Mnr Frankel Engelbrecht, 'n direkteur van Engelsman Magabane en ook 'n familielid van die Vissers, het vir Visser senior bygestaan in die dispuut wat uiteindelik

geskik is in die Vrystaat Hoë Hof, Bloemfontein, gedurende 2013. Die skikking is bereik ten opsigte van die koopprys van die eiendomme plus rente op die bedrag plus uitstaande huurgeld, wat 'n totale bedrag van R5 172 030.98 beloop het. Visser senior het die skikkingsbedrag betaal met behulp van Landbank en is 'n verband by Landbank geregistreer om die bedrag plus bankkoste te dek.

10.4 Voorafgaande die afsterwe van TC Visser het Visser junior geboer op die eiendomme en was daar ook ooreengekom tussen Visser senior en Visser junior dat Visser junior die huurgeld ten opsigte van die eiendomme betaal.

10.5 Die koopooreenkoms tussen Visser senior en Visser junior is op skrif gestel gedurende 2012 maar is gedateer 14 Februarie 2007, die datum wat die mondelinge ooreenkoms aangegaan is. Engelsman Magabane verduidelik in hul opponerende eedsverklaring, waarvan Engelbrecht die deponent is, dat hierdie werkswyse gegrond is op advies van belastingkundiges en dat dit sou meebring dat die kapitaalwins op die eiendomme in die boedel van Visser junior sou val en nie in die boedel van Visser senior nie.

10.6 Hoe dit ook al sy, die verkooptransaksie tussen Visser senior en Visser junior is nie spoedig na die oordrag van

die eiendomme in Visser senior se naam afgehandel nie en het die partye mondeling ooreengekom dat Visser junior verantwoordelik sou wees vir die betaling van die Landbanklening soos op datum van oordrag van die eiendomme in sy naam, al sou die uitstaande lening meer as die koopprys van R4.2 miljoen beloop.

10.7 Gedurende November 2014 het Visser senior 'n betaling van R1.5 miljoen op die Landbanklening gemaak. Dit is hierdie bedrag waaroor die geskil hoofsaaklik gaan. Ek keer weer terug hierna nadat die kronologie van die daaropvolgende gebeure uiteengesit is.

10.8 Gedurende 2015 het Visser junior die twee eiendomme op 'n veiling verkoop vir ongeveer R12 miljoen elk.

10.9 Engelsman Magabane het die koop-ooreenkomste met die twee kopers van die eiendomme opgestel en op dieselfde tyd 'n addendum tot die koop-ooreenkoms tussen Visser senior en Visser junior opgestel wat gedateer is 4 September 2015. Hierdie addendum wat deur beide partye onderteken is wysig die koop-ooreenkoms soos volg:

a) okkupasie en besitname sal plaasvind op 14 Februarie 2007; en

- b) as okkupasierende sal die koper die verkoper se landbankleningsrente betaal tot en met oordrag van die eiendom in sy naam.

10.10 Engelsman Magabane is opdrag gegee om toe te sien tot die oordragte van die eiendomme – eers vanaf Visser senior na Visser junior en daarna na die twee nuwe kopers. Die oordragte het plaasgevind gedurende Oktober 2015.

10.11 Op 30 Oktober 2015 het Engelsman Magabane 'n afrekeningstaat aan Visser junior gestuur wat aantoon dat daar van die totale verkoopprijs van die eiendomme, benewens die verrekening van oordragkoste en ander uitgawes wat verband hou met die verkooptransaksie, en 'n bedrag van R5 606 371.98 wat aan Landbank betaal is vir die aflos van Visser senior se verbandlening oor die eiendomme, daar 'n bedrag van R1.5 miljoen teruggehou is deur Engelsman Magabane met die inskrywing daarlangs aangeteken "*bedrag belê*".

11. Engelsman Magabane voer aan dat Visser senior net na oordrag van die eiendomme aangedui het dat hy 'n inbetaling gemaak het op die Landbankrekening en dat 'n bedrag van R1.5 miljoen hom dus toekom. Met navrae aan die partye het dit geblyk dat Visser junior die betaling as 'n skenking beskou het. Engelsman Magabane meld voorts dat aangesien twee kliënte in 'n dispuut was wat gehandel het oor die oordrag vanaf

Visser senior na Visser junior en die gelde daarvolgens betaalbaar, hulle besluit het om die geld in trust te hou totdat die partye 'n ooreenkoms bereik of 'n regter of arbiter daaroor besluit het. Aanvanklik was dit in die vooruitsig gestel dat die geld belê sou word maar toe geeneen van die partye toestem daartoe nie is die geld op trust gehou.

12. Dit is Visser junior se saak dat hy opdrag gegee het aan Engelsman Magabane om toe te sien na die oordragtransaksies – vanaf Visser senior na hom en daarna van hom na die twee kopers. Dat sy opdrag deurentyd was dat die netto opbrengs uit die transaksies aan hom uitbetaal moet word by oordrag van die eiendomme. Hy voer aan dat hy nie opdrag gegee het aan Engelsman Magabane om die bedrag van R1.5 miljoen, wat deel vorm van die kooppryse van die eiendomme, te belê of op trust te hou nie en dring daarop aan dat die geld hom toekom en aan hom uitbetaal moet word. Volgens Visser junior het Visser senior die R1.5 miljoen aan hom geskenk toe dit met hom finansieel swaar gaan. Al sou dit ook 'n lening gewees het, wat Visser junior ontken, beweer hy dat dit niks met die verkoopstransaksies te doen het nie en het Engelsman Magabane geen reg om die geld terug te hou nie.
13. Visser senior aan die ander kant ontken dat Visser junior opdrag gegee het aan Engelsman Magabane vir die oordrag van die eiendomme vanaf hom na Visser junior. Hy beweer dat dit hy was wat die opdrag gegee het. Hierdie bewering word ondersteun deur Engelsman Magabane – en dat Visser junior

slegs opdrag gegee het vir die oordrag van die eiendomme vanaf sy naam in die name van die twee kopers. Visser senior beweer voorts dat hy en Visser junior ooreengekom het dat Visser junior volle verantwoordelikheid sou neem vir die betaling van die Landbanklening, al was dit in die naam van Visser senior. Volgens Visser senior kon Visser junior egter nie die jaarlikse leningspaalement gedurende 2014 betaal nie en het Visser senior, ten einde te verhoed dat hulle die eiendomme verloor, vee van die GP Trust (klaarblyklik 'n familietrust) verkoop om die bedrag van R1.5 miljoen in die Landbankrekening te betaal. Die geld, volgens Visser senior, was bedoel as 'n lening aan Visser junior wat hy, Visser junior, onderneem het om terug te betaal nadat die eiendomme verkoop is. Om hierdie rede het Visser senior op 28 Oktober 2015 'n skrywe aan Engelsman Magabane gerig om die bedrag van R1.5 miljoen aan hom oor te betaal, ooreenkomstig sy ooreenkoms met Visser junior.

14. Dit is duidelik dat hier 'n feitegeskil bestaan, maar vir doeleindes van hierdie aansoek is dit nie van groot belang nie. Die vrae wat beantwoord moet word is na my mening eerstens of Engelsman Magabane redelik opgetree het deur die bedrag van R1.5 miljoen terug te hou en tweedens aan wie moet hierdie geld betaal moet word.
15. Engelsman Magabane sê in hulle opponerende stukke dat hulle 'n mandaat vanaf Visser senior ontvang het vir die oordrag van die eiendomme aan Visser junior teen betaling van dit wat aan

Visser senior verskuldig is in terme van die koop-ooreenkoms tussen die twee partye en die addendum daartoe. Die koop-ooreenkoms bepaal egter dat die koopprys die bedrag van R4.2 miljoen beloop, wat insluit BTW. Die addendum bepaal dat Visser junior, as okkupasiehuur die Landbankleningsrente betaal tot met oordrag van die eiendomme in sy naam. Hierdie bedrag aan leningsrente is sekerlik bepaalbaar vanaf aanvangsdatum van die lening tot met oordragsdatum, maar dit is nie in die stukke uiteengesit nie.

16. Dit spreek vanself dat indien Engelsman Magabane in terme van hulle mandaat vanaf Visser senior opgetree het hulle 'n bedrag van R4.2 miljoen plus leningsrente aan hom sou moes uitbetaal soos skriftelik ooreengekom tussen die partye.
17. Die mandaat aan Visser senior is egter nie so uitgevoer soos Engelsman Magabane dit verduidelik nie. Dit is gemeensaak dat die volle uitstaande Landbanklening (met rente) afgelos is met 'n gedeelte van die opbrengs van die verkoop van die eiendomme – soos mondeling ooreengekom tussen die Vissers.
18. Engelsman Magabane, wat verantwoordelik was vir die opstel van die koop-ooreenkoms en die addendum daartoe, verduidelik voorts wat betref die gewraakte R1.5 miljoen dat, *“Inderwaarheid is hierdie bedrag deel van die leningsrente, soos bepaal in die addendum tot die koop-ooreenkoms tussen Applikant en die 2de Respondent, welke as okkupasierente aan*

die 2de Respondent betaalbaar is uit hoofde van daardie ooreenkoms.” Vandaar, lei ek af, die bewering vanaf Engelsman Magabane dat die dispuut handel oor die oordrag vanaf Visser senior aan Visser junior en die gelde wat daarvolgens betaalbaar is.

19. Hierdie bewering van Engelsman Magabane is egter ongegrond en word nie ondersteun deur enigeen van die Vissers nie. Selfs Visser senior beweer nie dat die bedrag leningsrente daarstel nie en erken dat daar geen skriftelike ooreenkoms tussen hom en Visser junior bestaan ten aansien van die *“lening”* van R1.5 miljoen nie en dat die bedrag nie in die addendum vervat is nie aangesien hy vertrou het dat Visser junior, as sy seun, die geld aan hom sou terugbetaal.
20. Die bedrag van R1.5 miljoen wat min of meer die ekwivalent is van twee jaarlikse leningspaaierementen val na my mening heel duidelik buite die koop-ooreenkoms en is Visser senior, indien dit as ‘n lening bedoel was, ten opsigte daarvan slegs ‘n gewone krediteur van Visser junior.
21. Die mandaat wat Engelsman Magabane gehad het vanaf Visser senior met betrekking tot die koop-ooreenkoms is dus ten volle uitgevoer en kan hulle nie verantwoordelik gehou word vir enige eise van Visser senior wat buite die koop-ooreenkoms val nie.

22. In *Aeroquip SA vs Gross & others* [2009] 3 All SA 264 (GNP) te 272-273 paragraaf 13 sê Southwood R die volgende betreffende die aanspreeklikheid van 'n prokureur ten opsigte van gelde wat op trust gehou word:

“The applicant has not referred to any authority that an attorney becomes personally liable for payment of a debt where he fails to pay over to a client’s creditor an amount held by him in trust. The contrary appears to be true. An attorney who holds an amount of money in his trust account on behalf of a client is obliged to use it for no other purpose than he is instructed by the client. It is trite that it must always be available to the client.”

23. Visser junior is geregtig op uitbetaling van die R1.5 miljoen wat Engelsman Magabane weier om aan hom te betaal ten spyte van sy instruksies tot die effek en talle aanmanings vanaf sy prokureurs. Die feitestel *in casu* is nie vêr verwyderd van dit in *Dreyer v Goss* 2015 JDR 0011 (GJ) nie en geld die woorde van Gaibie WnR ewe goed hierin waar hy sê, te bl 5 van daardie uitspraak, dat indien die prokureur net vir 'n oomblik teruggestaan het, diep asemgehaal het en behoorlik gedink het oor die feite van die aangeleentheid, hy sou besef het dat sy regsplig suiwer lê by sy kliënt en nie die kliënt se krediteure nie. (eie omskrywing)

24. *In casu* is ek van mening dat die familieverband tussen prokureur Engelbrecht en die strydende partye tot 'n mate bygedra het tot die wasigheid wat verval het oor die feite. Die betoog namens Engelsman Magabane dat hulle neutraal staan tot die dispuut en dat die opponering van die hoofaanzoek

slegs slaan op die kostebevel aangevra, word ietwat teegesprek deur die briewewisseling met Visser junior se prokureur en die antwoordende eedsverklaring wat spreek van 'n mate van vooroordeel ten gunste van Visser senior.

25. Ek meen dat alhoewel dit menslik is om simpatie te hê vir die bejaarde en sieklike Visser senior wat homself in skuld gedompel het om vir Visser junior uit te help, lê die antwoord nie in die weerhouding van uitbetaling aan Visser junior nie. Visser senior se eis lê teen Visser junior en is sy remedie om 'n aksie in die verband in te stel teen Visser junior.
26. Gevolglik moet bede 1 van die hoofaansoek slaag en is dit dan ook logies dat Visser senior se teenaansoek, wat betref die oorbetalings van die R1.5 miljoen deur Engelsman Magabane aan hom, nie kan slaag nie.
27. Wat betref die regshulp in die teenaansoek aangevra ten opsigte van die betaling van BTW in die bedrag van R515,789.47 maak Visser senior die bewering dat hy en Visser junior mondeling ooreengekom het dat Visser junior die BTW ten aansien van die koopprijs sou teruggeis en aan Visser senior oorbetal om op sy beurt die BTW aan die Ontvanger van Inkomste te betaal. Die koopprijs van die eiendom (R4.2 miljoen) het BTW ingesluit. In sy teenaansoek verwys Visser senior na 'n versoek gerig in hierdie verband vanaf sy boekhouer aan Visser junior reeds gedurende Desember 2015 en wat Visser junior weier om gestand te doen.

28. Die boekhouer se e-pos aan Visser junior lees as volg:

*“Kobus,
Ek wil net weer terugkom, by die BTW ten opsigte van die
Oordrag van Liebenbergspan.*

*Die verkoopskontrak tussen jou en jou pa, stipuleer nie
dat die transaksie ‘n lopende saak is nie, aangesien slegs
die eiendom ter sprake is.*

*Die bedrag van R4,200,000.00 sluit dus BTW van
R515,789.47 in.*

*GP Visser moet dus hierdie bedrag aan SARS oorbetaal,
terwyl jy dit terug eis.*

*Die 2 bedrae kan nie teen mekaar afgespeel word nie,
dus wil ons voorstel dat jy die BTW namens GP Visser
betaal, gesien in die lig dat jy dit weer gaan terug eis van
SARS.*

*Laat weet my asb wat jou besluit is, want die BTW
opgawes moet ingedien word voor 24 Desember 2015.*

Groete”

29. Visser junior ontken dat so ‘n ooreenkoms met betrekking tot die betaling van die BTW aangegaan is en voer aan dat daar slegs ‘n versoek was vanaf die boekhouer, (soos vervat in die e-pos na verwys hierbo) dat hy die BTW op die transaksie namens Visser senior betaal. Hy ontken dat daar enige verpligting op hom rus om die BTW namens Visser senior te betaal.
30. Wat die BTW betref bestaan daar na my mening ‘n wesenlike feitedispuut, wat nie op die stukke beslis kan word nie en wat Visser senior moes voorsien het. Ek meen in hierdie

omstandighede dat Visser senior nie 'n saak uitgemaak het vir die regshulp aangevra nie en kan hy ook nie met hierdie aspek van sy teenaansoek slaag nie.

31. Dit bring my na die koste van hierdie aangeleentheid. Soos reeds hierin gemeld is ek van mening dat Visser senior die koste verbonde aan die kondonasie-aansoek moet betaal. Wat die hoofaansoek betref vra Visser junior dat Engelsman Magabane die koste van die aansoek betaal op die prokureur-kliënt skaal vanweë die feit dat hulle nie net hulle mandaat vanaf Visser junior verbreek het nie maar ook hulle statutêre verpligtinge nie nagekom het nie. Daar word ook betoog dat Visser senior gesamentlik en afsonderlik met Engelsman Magabane en op die prokureur-kliënt skaal die koste van die aansoek moet betaal aangesien hy die aansoek onnodiglik geopponeer het in omstandighede waar daar geen substantiewe regshulp teen hom gevra is nie.
32. Namens Engelsman Magabane word aangevoer dat hulle 'n onskuldige derde party is wat hulle in die kruisvuur van die dispuut tussen kliënte bevind het en in die omstandighede as redelike prokureurs opgetree het deur die geld op trust te hou. Dat die opponering van die aansoek as gevolg van die kostebevel aangevra redelik was en dat gelas moet word dat Visser junior Engelsman Magabane se koste moet betaal, alternatiewelik dat die onsuksesvolle Visser die koste van Engelsman Magabane betaal.

33. Ek is van mening dat in die hoofaansoek eerstens, die koste die uitslag moet volg. Na my mening is geeneen van die partye onskuldig in hierdie aansoek betrek nie. Nie die Vissers wat opdrag gegee het aan Engelsman Magabane om die koopkontrak en addendum daartoe op te stel op die manier waarop dit gedoen is nie en ook nie Engelsman Magabane wat die dokumente so opgestel het nie. Op geeneen van die partye se weergawes stel die skriftelike koopkontrak die ware bedoeling van die Vissers daar nie. Die werkswyse wat gevolg is in die opstel van die dokumente, vermoedelik om oordragkoste te beperk, het nou geboemerang deurdadig die verskeie aanvullende mondelinge ooreenkomste nou in dispuut is.
34. Tweedens meen ek nie dat hierdie 'n geval is waar prokureur-kliënt koste toepassing vind nie. Visser senior se opponering van die hoofaansoek kan nie as "*onnodig*" beskou word nie aangesien hy 'n wesenlike belang het by die regshulp daarin aangevra as gevolg van die eis wat hy ingestel het by Engelsman Magabane. Wat Engelsman Magabane aanbetref, en alhoewel die aanslag van die opponerende stukke en die gesindheid waarmee die dispuut hanteer is nie heeltemal onpartydig voorkom nie, is ek nie van mening dat daar enige kwaadwilligheid vanaf hulle kant was nie maar dat hulle eerder onbedag opgetree het. Ek meen ook nie daar kan gesê word dat Engelsman Magabane strydig met hulle statutêre verpligtinge opgetree het deur die geld op trust te hou nie. Geeneen van die partye is hierdeur onbehoorlik benadeel of

bevoordeel nie en is 'n bestraffende kostebevel in hierdie omstandighede onvanpas.

35. Visser junior vra voorts dat Engelsman Magabane rente op die bedrag van R1.5 miljoen betaal teen 9% per jaar vanaf 30 Oktober 2015 tot datum van betaling. Ek meen egter nie dat so 'n bevel billik sou wees in die omstandighede nie. Soos reeds na verwys in paragraaf 11 hierin, het Engelsman Magabane, toe die dispuut ontstaan het tussen die Vissers, voorgestel dat die bedrag geld belê word. Die Vissers was nie aanneemlik vir hierdie voorstel nie en kon die geld nie sonder toestemming van die partye belê word nie. Die geld is toe gehou op Engelsman Magabane se trustrekening waar geen rente verdien word nie. Hierdie bewerings word nie ontken deur Visser junior nie, intendeel word daar glad nie daarmee gehandel in sy repliserende eedsverklaring nie. Visser junior meld wel in sy funderende verklaring, met verwysing na die afrekeningstaat, dat hy nie toestemming gegee het dat die geld belê word nie. Hoe dit ook al sy, Visser junior kan nie nou, na hy geweier het dat die geld belê word en rente verdien, verwag dat Engelsman Magabane uit eie sak rente moet betaal nie. Ek meen dat rente betaalbaar moet wees vanaf datum van hierdie bevel tot datum van betaling.

Die volgende bevele word gemaak:

- a) Die aansoek om kondonاسie slaag. Die applikant in daardie aangeleentheid, mnr GP Visser, word gelas om die koste van die aansoek te betaal.**
- b) Bede 1 van die Kennisgewing van Mosie in die Hoofaansoek word toegestaan.**
- c) Die eerste respondent word gelas om rente op die bedrag van R1.5 miljoen te betaal teen 9% per jaar vanaf datum van hierdie bevel tot datum van betaling.**
- d) Die eerste en tweede respondente word gelas om die koste van die Hoofaansoek te betaal gesamentlik en afsonderlik.**
- e) Die Teenaansoek word van die hand gewys met koste.**

CC WILLIAMS

REGTER

Nms Applikant:	Adv. D De Kock i.o.v Botha De Jager Prokureurs/Duncan & Rothman Prokureurs
Nms. 1ste Respondent:	Adv. J Van Niekerk SC i.o.v Engelsman Magabane Ing
Nms 2de Respondent;	Adv AS Sieberhagen i.o.v Du Toit Prokureurs